Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Alexandra Henriques**
Direktoraat: Inrigtingshulpbronondersteuning
Alexandra.Henriques@westerncape.gov.za | 021 467 2767

Lêerno.: 18/5/5
Verwysing: 20240426-3394

Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut: 0010/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunkdirekteure by distrikskantore, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van alle nie-artikel 21 openbare skole

**Onderwerp: Bestelling van skryfbehoeftes, skoonmaakbenodigdhede, tuin- en elektriese voorraad in die 2024/25-boekjaar vir alle nie-artikel 21 openbare skole**

1. Skole word hiermee in kennis gestel van die geleentheid, vanaf 28 Mei tot 07 Junie 2024, om skryfbehoeftes, skoonmaakbenodigdhede, tuin- en elektriese voorraad vir gebruik in 2025 aanlyn te bestel.

2. Hierdie minuut moet saamgelees word met Omsendbrief 0020/2023 van 01 Augustus 2023 en Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut 0008/2024 van 25 April 2024.

3. Skole word in Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut 0008/2024 in kennis gestel dat die twee afsonderlike driejaarkontrakte met Masiqhame Trading 1057 CC om skryfbehoeftes, skoonmaakbenodigdhede, tuin- en elektriese voorraad te bestel en wat op 30 April 2024 sou verstryk het, verleng is. (Verwys in hierdie verband na Omsendbrief 0025/2021 van 20 Mei 2021 en Omsendbrief 0027/2021 van 01 Junie 2021.)

4. Neem asseblief kennis dat die skryfbehoeftekontrak BWCED 2875/20 en die skoonmaakbenodigdhedekontrak BWCED 2876/20, onderskeidelik vir die voorsiening en aflewering van skryfbehoeftes en skoonmaakbenodigdhede, steeds deur dieselfde diensverskaffer gehou word. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement sal dus voortgaan om tot en met 30 Oktober 2024 of totdat 'n nuwe kontrak met 'n nuwe diensverskaffer gesluit word, bestellings vir kontrakitems by hierdie verskaffer te plaas:

   Masiqhame Trading 1057 CC
   Posternweg 4
   EDGEMEAD
   Wes-Kaap
   7441
   Telefoonnommer: 021 558 9947
   E-pos: masiqhametrading@lantic.net
   Kontakpersoon: Mnr. G Daniels

5. Riglyne sal op SOBIS gelaai word om die vaslegging en aftekening van bestellings vir skryfbehoeftes en skoonmaakbenodigdhede te verduidelik.

6. Dit is belangrik om daarop te let dat skole ingevolge die kontrakte slegs items uit die aangehegte katalogusse vir hul betrokke distrik mag bestel. Die katalogusse wat aangeheg is, is slegs geldig solank hierdie kontrakte van krag is.

7. Let asseblief daarop dat die skryfbehoeftekontrak nie voorsiening maak vir die lewering en aflewering van inkhouertjies en kopieerpapier nie. Kopieerpapier word ooreenkomstig Inrigtinghulpbronondersteuningsminuut 0001/2023 van 17 Januarie 2023 bestel.

8. Items wat nie in die katalogusse uiteengesit is nie, sal afsonderlik aangevra word aan die hand van kwotasies wat deur die *eProcurement Solution* ingewin word. Om te verseker dat items betyds afgelewer word, moet skole rekwisisies (WKOD-026-vorms) teen nie later nie as 07 Junie 2024 aan die kantoor wat verantwoordelik is vir die bestel van leer-en-onderrigondersteuningsmateriaal stuur vir die aandag van me. Louise John (tel. 021 467 2345) of per e-pos aan WCED.Requisitions@westerncape.gov.za.

9. Daar sal van skole verwag word om hul norme-en-standaarde- (N&S-) befondsing vir plaaslike aankope te gebruik om al hul skryfbehoeftes en skoonmaakbenodigdhede te dek. Dit is dus baie belangrik dat skole noukeurig beplan hoe hulle hul N&S-befondsing gaan bestuur om die beskikbaarheid van voldoende fondse vir hul behoeftes te verseker. Ten einde skole in hierdie verband te help, sal hul afleweringsdatums, bestelnommers en die waarde daarvan bevestig word sodra hul bestellings uitgereik is.

10. Skole word aangemoedig om van hierdie geleentheid gebruik te maak om al hul skryfbehoeftes en ander genoemde benodigdhede vir die 2025-skooljaar te bestel.

11. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke amptenare.

**GETEKEN:** MS ABRAHAMS
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING**
**DATUM:** 2024-05-06